

## **Bou 'n volhoubare voedselstelsel vir SA**

**Scott Drimie\***

Die onmiddellike impak van die openbare COVID-19-gesondheidskrisis en die inperking wat op 27 Maart 2020 afgekondig is, het die uiterste kwesbaarheid van die Suid-Afrikaanse voedselstelsel aan die lig gebring. Hierdie ontwrigting het ongetwyfeld 'n tydperk van diepe onsekerheid en verandering tot gevolg gehad, maar skep ook 'n geleentheid om die voedselstelsel te herkalibreer. Deur oordeelkundige samewerking kan hierdie herkalibrering iets nuut en innoverend teweegbring wat op billiker, plaaslike voedselstelsels berus en meer diversiteit en veerkragtigheid bied.

Die COVID-19-krisis het vinnig in 'n koskrisis ontaard. Huishoudings in arm gemeenskappe wat reeds gesukkel het om kos op die tafel te sit, het desperaat geword. Baie arm huishoudings in stedelike en landelike gemeenskappe in Suid-Afrika het al lank voor die krisis probleme ondervind om toegang tot kos, medisyne en ander noodsaaklike behoeftes te bekom. Die inperking het dit vererger deur die informele ekonomiese sektor, waarop vele huishoudings staatmaak, byna dood te smoor. Huishoudings wat van informele handel of wisselvallige werk afhanklik was, was skielik sonder enige inkomste om kos mee te koop.

Sedert die inperking verslap is, het kostekorte in huishoudings ietwat afgeneem: Volgens die jongste NIDS-CRAM-syfers het 16% van huishoudings en 11% van kinders in Julie/Augustus te min kos gehad (teenoor onderskeidelik 22% en 15% in Mei/Junie). Hoewel die verbetering in hierdie syfers bemoedigend is, sal ons in die toekoms nog die ernstige gevolge daarvan dra dat meer as drie miljoen mense hulle werk verloor het en meer as een uit tien van ons kinders honger ly.

Swak voeding by kinders onder tweejarige ouderdom kan hulle blywende skade aandoen en groter gevaar laat loop van belemmerde groei en obesiteit, laer kognitiewe ontwikkeling, vertraagde ontwikkelingsmylpale, en langtermyngesondheidskwessies soos diabetes, hipertensie en kardiovaskulêre siekte. Hieroor sê dr Chantell Witten, hoof van voeding by die Suid-Afrikaanse burgerlike vereniging vir vroue-, adolessente- en kindergesondheid (SACSoWACH): "Wanvoeding by kinders werp 'n lang skadu tot in hulle volwasse jare. Hoewel hongersnood oor die algemeen 'n reuseprobleem is en kosvoorsiening van die allergrootste belang is om voldoende voeding te ondersteun, moet ons veral aandag skenk aan swanger ma's wat honger ly, want hulle swak voedingstatus stel hulle ongebore babas in gevaar."

Hierdie onaanvaarbare toedrag van sake laat ontstaan vrae oor die heersende voedselstelsel en watter intervensies dalk nodig is om hierdie onmiddellike krisis, wat duidelike langtermynimplikasies het, die hoof te bied. Om gewoon die huidige voedselstelsel van voor af saam te stel sal nie ons probleme oplos nie. Om hongersnood te beëindig, moet ons 'n pad deur die snelle veranderinge van ons tyd baan en doeltreffend werk om iets nuut te skep. Nuwe stelsels kom nie sonder meer tot stand nie; dit moet

doelgerig gekoester word. Wat daar te leer is, moet ons vinnig leer sodat ons kan begin belê in, en meewerk tot, die skep van 'n nuwe stelsel wat op plaaslike behoeftes en vermoëns berus.

Hierdie tipe herkalibrering behels die hervestiging van formele en informele markte, die voorsiening van insetvoorraad – soos saad en saailinge – aan kleinboere en ander produsente om voortgesette produksie te verseker, die fasilitering van verskaffingslyne om 'n bestendige voedselstroom te skep, en die instaatstelling van kleinsake (waaronder voedselproesseerders) om hierdie stroom te ondersteun. Dít alles is deurslaggewend vir diverse voedselbronne wat verder strek as die konvensionele verskaffingskettings, wat meestal maar die formele kleinhandel van kosvoorraad voorsien. Boonop moet gesonde kos die spil wees waarom hierdie hergekalibreerde stelsel draai. Die klem op gesonde diëte moet die kerndoel van die inisiatief wees. Sodoende sal ons nie net nou mense beskerm nie, maar ook die weg berei vir 'n billiker en meer volhoubare voedselstelsel ná COVID-19.

Die Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium se eThekweni-platform is tot stand gebring om inisiatiewe in die omgewing van eThekweni en iLembe in KwaZulu-Natal te koördineer om aanvanklik die impak van die COVID-19-gesondheidskrisis te help hanteer en uiteindelik 'n nuwe, veerkragtige stelsel tot stand te bring. Ons metodologie is om met plaaslike belanghebbendes saam te werk, rolspelers in die plaaslike voedselstelsel te identifiseer, te bepaal hoe en of hulle aan mekaar verbind is, te verstaan hoe die magsdinamiek werk, en nuwe kosstrome te skep wat op vars produkte en plaaslike prosessering konsentreer, soos bakkerye en gemeenskapskombuise. Op dié manier verbind ons rolspelers op nuwe maniere om 'n kringloopekonomie tot stand te bring. Ons steun swaar op inligtings- en kommunikasietegnologie om inligting uit te ruil. Voedselveiligheid verg uiteraard ook al hoe meer aandag. Soortgelyke inisiatiewe is elders in die land van stapel gestuur, waaronder 'n hele aantal gemeenskapsaksienetwerke wat die toekoms ná COVID-19 bedink, die Stellenbosse Voedselplatform, en die Groen Trust-gefinansierde werk in Gauteng, Limpopo en KwaZulu-Natal onder die beskerming van die Seriti-instituut.

COVID-19 het die status quo omvergegooi, en terselfdertyd diepgaande foute in die samelewing blootgelê. Namate hierdie foute al hoe duideliker word, het ons die geleentheid om die stelsel te herbou tot een wat op maatskaplike en ekologiese geregtigheid berus. Met ander woorde, 'n hergekalibreerde voedselstelsel waarin ou hiërargieë ontwig word, nuwe samewerking ontstaan en die speelveld meer gelyk is. Hierdie krisis is 'n geleentheid om die veerkragtigheid van die voedselstelsel en, belangriker nog, voedselsekerheid in Suid-Afrika te verbeter.

*\*Dr Scott Drimie is die direkteur van die Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium by die Universiteit Stellenbosch. Dié entiteit moedig kreatiewe reaksies op die probleem van hongersnood aan deur gesprek en optrede wat veelvuldige rolspelers betrek.*

